GEBEDE: AFSEEL van GAWES

Efesieers 6:10-11, 18 "10 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. 11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. 18 Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges ..."

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur *Kanaän Bedieninge*, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.

- *River of Life Family Church*
  Pastoor Edward Gibbens
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 982 3022
  Faks: +27 16 982 2566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa

Webblad: www.eu.kanaanministries.org

contents

Voorwoord ... 3

Verklaring van vertroue in GOD se Beskerming ... 6

Profeet: Armeense vloek – probleemoplossing met wette ... 7

Dienaar: Moabitiese vloek – ek bou die platform van sukses onder ander persone ... 10

Onderwyser: Fillistynse vloek – ek ken die waarheid en dit gee my outoriteit ... 12

Bemoediger: Kanaanitiese vloek – leuen-mense wil en het nodig om rondom jou te wees ... 14

Gewer: Midianitiese vloek – ek kan die middele voorsien vir ander om hul geboortereg op te eis ... 17

Heerser: Jotam vloek – ek is betekenisvol want ek het institusionele mag waarop ek roem ... 19

Genade: Ammonitiese vloek - jy word verkleineer tot nikswerd in groepsverband ... 21

Afseël na Bevryding (vir die berader) ... 23

Voorwoord

Hierdie gebede is opgestel soos sekere aspekte vir ons persoonlik duidelik geword het in die Woord van GOD en uit ondervinding wat ons opgedoen het in die beradingskamer.

Ons wil geensins hiermee diskrimineer teen enige persone, organisasies en/ of politieke partye nie en ons vra ook dat U hierdie boek uit hierdie hoek sal benader.

Wat beteken dit om iets te verloën?

Dit beteken om persoonlike verantwoordelikheid te neem oor iets uit jou verlede en om self hierdie saak aan te spreek en te verwerp. Jy sal nodig hê om die wortel van die saak te gaan navors en dit by sy oorsprong te gaan vernietig en af te sny. Jy weier om enige verdere erkenning daaraan te gee. Deur die oorwinning wat Y'shua[1] (Jesus) aan die kruis behaal het, kan ek in Sy Naam en deur die Krag van Sy Bloed weier dat enige vloek verdere effek op my lewe het. Die vloek word deur Y'shua (Jesus) se Bloed letterlik gekanselleer**.**

Sy Woord sê:

Spreuke 28:13 *"Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind."*

Ons het gesien hoedat mense bevry word van afgodery en demoniese verbonde waarvan hulle selfs onbewus was, nadat hulle dit bely het en om vergifnis gevra het en weggedraai het daarvan. Ons ervaar hierdie afgodery en demoniese verbonde as 'n aanval teen die Liggaam van Christus.

---

[1] *Y'shua* (Hebreeus) is Jesus se regte naam wat beteken "REDDING"- wat beteken: bevryding, redding, veiligheid, welsyn. Ons het geen probleem met die naam "Jesus" nie - dit is bloot die Griekse transliterasie van "Y'shua". Jesus is die naam waarmee die meeste van ons groot geword het. Onthou tog dat Y'shua was 'n Jood van die Stam van Judah, nie 'n Griek nie. Dit gaan min of meer so ... wanneer jy iemand se regte naam ken dan wil jy dit gebruik, daarom gebruik ons *Y'shua* in plaas van Jesus. Nog 'n baie sterk rede om *Y'shua* te gebruik is dat elke keer wat jy Sy Naam sê, proklameer jy die woord "REDDING". Jy sal ook oplet dat in sekere plekke gebruik ons die regte Naam van die VADER, YHVH. Die Naam word opgemaak deur die Hebreeuse letters, **Y**od-**H**ey-**V**av-**H**ey, en word algemeen uitgespreek as "Yahweh" of "Jehovah". Ons herhaal deur te sê ons het gekies om hierdie Naam te gebruik omdat YHVH is die VADER se regte Naam.

2 Kor.4:2 *"Maar ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen, en ons wandel nie in listigheid of vervals die Woord van GOD nie; maar deur die waarheid aan die lig te bring, beveel ons ons by elke menslike gewete voor GOD aan."*

Y'shua (Jesus) roep ons om aktief te soek na vryheid en heling — ten spyte van ons gebrokenheid.

GOD se WOORD belowe ons:

Jes: 54:17 *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die Here en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die Here."*

Riglyne om die afseelgebede te gebruik ...

Jakobus lig dit vir ons uit dat daar twee stappe is om van binding bevry te word:

Jak 4:7 *"Onderwerp julle dan aan GOD; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug."*

Hierdie twee stappe behels:

1. Belydenis van jou betrokkenheid (al was dit onaktief).

Dit is verkieslik dat daar twee getuies, waarvan die een 'n opgeleide berader moet wees, teenwoordig is wanneer hierdie gebede gedoen word. Die getuies staan saam en getuig saam met die persoon wat bevryding wil ontvang. Hierdie gebede is ook proklamasies en ons wil jou aanmoedig om dit openlik en in geloof te doen, onder die beskerming van die Bloed van Y'shua (Jesus).

Jak: 5:16 *"Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."*

Jy het nou net die eerste gedeelte van die gebede gehanteer. Die volgende is van kardinale belang en dit is waarom dit so belangrik is dat 'n opgeleide berader teenwoordig is.

2. Oorlogvoering ... staan op teen die vyand.

Soos wat die Heilige Gees dan tydens die gebede sekere waarhede uitlig, tree die berader nou saam met die betrokke persoon op en begin met geestelike oorlogvoering — vandaar ons gevoel dat dit belangrik is dat daar 'n opgeleide berader betrokke moet wees.

Met die skryf van die gebede het ons sekere belangrike woorde uitgelig, soos die betrokkenheid van die magte van die duisternis — dit is baie belangrik dat dit spesifiek gehanteer moet word.

Hierdie magte word tereggewys, uit die bloedlyn verwyder en na die Voete van Y'shua (Jesus) gestuur. Onhou om die persoon los te sny van mensgemaakte wette en van instellings en betrokke organisasies.

Onthou, hierdie gebede is slegs riglyne. As daar konsepte of afdelings is wat die Heilige Gees vir jou uitlig wanneer jy bid, wil ons jou aanmoedig om die Heilige Gees te vra om jou te lei vir die deurbraak.

Onthou **HY** is ons Volmaakte Leermeester en Berader.

Ps: 110:1 *"Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my Regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n Voetbank vir U Voete."*

Hebr: 1:13 *"En aan watter van die engele het Hy ooit gese: Sit aan My Regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n Voetbank van U Voete?"*

Hebr.10:13 *"Maar Hy…wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n Voetbank van Sy Voete."*

3. Restourasie met die Koninkryk van GOD.

Ten slotte en uiters belangrik moet die persoon aangemoedig word om hom/ haar aan die Wet van die Messias te verbind en daaraan gehoorsaam te lewe.

Galásiërs 3:10 *"Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie."*

Ons sluit af deur U te seën met GOD se Woorde:

Mag Hy jou SKILD, jou LIG, jou VREDE (shalom) wees. Mag Hy jou in alles oorwinning gee, en mag jy sy weë ken en SH'MA[2] (luister en doen)!

Sy seën oor jou toegebid!

[2] Vir verdere studie raadpleeg die artikel ***"Sh'ma — A Heraic Concept That Everyone Can Embrace"*** deur Willieam G Bullock, sr. Beskikbaar op die webwerf.

Verklaring[3] van **vertroue** in **GOD se Beskerming** …

Geen wapen teen ons gesmee sal stand hou nie en elke tong wat teen ons opstaan in oordeel, veroordeel ons. Dit is ons erfdeel as diensknegte van die Here en ons geregtigheid is van U, O Here van die Leërskare. Diegene wat teen ons gepraat of gebid het, of probeer het om ons skade of boosheid aan te doen, of wat ons verwerp het, vergewe ons, en ons seën hulle in die Naam van die Here

Matthew 5:43-45 *"43 Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. 44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; 45 Sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges."*

Romans 12:14 *"14 Seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie;"*

Nou verklaar ons, o Here, dat U alleen ons GOD is, en dat daar buiten U, geen ander is nie — 'n regverdige GOD en Redder, die Vader, die Seun en die Gees — en ons aanbid U!

Ons onderwerp onsself opnuut aan U op hierdie dag in onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Nadat ons ons aan U onderwerp het, Here, doen ons soos U Woord voorskryf. Ons weerstaan die duiwel: al sy druk, aanvalle en misleidings, elke instrument of agent wat hy teen ons probeer gebruik. Ons onderwerp ons nie aan hom nie! Ons weerstaan hom, dryf hom van ons af weg en sluit hom uit van ons, in die Naam van Jesus. Spesifiek verwerp en weerstaan ons enige siekte, pyn, infeksie, inflammasie, kwaadaardighede, allergieë, virusse en enige vorm van toordery.

Laastens Here, dank ons U dat deur die offer van Jesus aan die kruis, ons nou nie meer onder die vloek is nie, maar ingegaan het onder die seën van Abraham, wie U seën in alle dinge — verhoging, gesondheid, voortplanting, voorspoed, oorwinning en GOD se guns.

Galatians 3:13-14 *"13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word — want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang — sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang."*

AMEN!

[3] Original English version written by Derek and Ruth Prince

PROFEET:

Armeense vloek –
probleemoplossing
met wette.

Vader, ons kom voor U Troon deur die Bloedverbond van U Seun, Jesus Christus.

Hierdie verbond gee ons wettige reg om vry te wees van vloeke, manipulering en beheersing deur die vyand sodat ons ons Godgegewe geboortereg kan ontvang.

Dit gee ons ook die voorreg om te oes as ons goeie saad gesaai het.

Ons verheug ons nou in U, die Regverdige Regter, en ons vra dat u asseblief nou die boeke in ons voorgeslagte sal open.

Ons vra dat u elke persoon wat onder die Armeense vloek gebuk gegaan het, sal identifiseer.

Ons vra dat U elke leuen sal identifiseer, dat ons wettige reg het om:

1. Probleme op te los wat nie ons verantwoordelikheid was nie.
2. Misluk het om ons eie probleme op te los.

Ons vra dat U hierdie foute met die Bloed van Jesus Christus sal bedek.

Ons verwerp die leuen dat ons gawe gekoppel is daaraan om ander se probleme op te los Ons verwerp die gebruik van okkultiese magte om probleme op te los.

Ons erken dat hierdie vloeke deur ons voorgeslag gekom het, omdat daar wettige reg aan die vyand gegee is. Die Bloed van Jesus is genoeg om die krag van hierdie vloeke te verbreek. Ons bely dit namens ons voorgeslag en ons vra dat U hierdie vloeke nou met U Bloed sal reinig en hulle kragteloos sal stel.

Omdat hierdie wettige reg nou deur U verwyder is, beveel ons nou in die Naam van Jesus dat elke demoon wat deur die Armeense vloek in ons voorgeslag gewerk het en wat in ons geestelike en fisiese saad gewerk het, na U voete sal gaan. Ons maak verder alle deure toe. Ons vra dat U U engele sal beveel om hierdie deure te bewaak en dat niemand die deure weer sal oopmaak nie. Vul die openinge wat gelaat is met U Lig en U Waarheid.

Ons vra die Heilige Gees om ons te help om:

- In ons outoriteit wat U ons gegee het te wandel.
- Dat U ons sal leer om te groei in hierdie outoriteit
- Dat U ons sal leer om die regte keuses te maak.

Ons vra U, Vader, om asseblief elke seening wat deur hierdie vloeke weerhou is, nou oor ons uit te stort:

- Finansiele seen.
- Seen van U guns.
- Elke seen wat in die hemel opgesluit is en deel is van ons geboortereg.

Ons vra dit omdat ons weet U is ‘n Regverdige God en ons dank U byvoorbaat dat U ons verhoor het.

AMEN!

DIENAAR:

Moabitiese vloek – ek bou die platform van sukses onder ander persone.

Vader, ons verklaar dat U die God van seisoene is. Daar is ‘n seisoen om te koester en een om gekoester te word. ‘n Seisoen vir kind wees en een vir volwassenheid.

Vader, ons verheug ons in die outoriteit wat U aan ouers en leiers gegee het. Ons verklaar ook dat U verantwoordelikheid verwag van persone in outoriteit.

Ons verklaar dat diegene in outoriteits-posisies ‘n platform moet oprig vir diegene wat onder hulle outotiteit val en dat hulle dan hierdie pesone op die regte tyd sal toelaat om op hulle eie voort te beweeg.

Vader, ons vra dat U asseblief nou die boeke van ons voorgeslag sal oopmaak:

1. Ons vra dat U elke geleentheid waar ons gesin betrokke was waar persone toegelaat moes word om onder hierdie outoriteit uit te beweeg, en dit nie gebeur het nie, sal identifiseer. Ons verklaar dat dit nie U plan vir ons was nie.
2. Ons vra dat U elke persoon sal identifiseer wat ter wille van gesins-vrede nie onder outoriteit uitbeweeg het op die regte tyd nie. Ons verwerp dit en ons erken dit as sonde.
3. Ons vra dat U elke geleentheid waar ‘n persoon sy outoriteit opgeneem het toe dit nog nie in U plan was nie, sal identifiseer – ons erken dit ook as sonde.

Ons vra dat U hierdie sonde sal bedek met die Bloed van Jesus Christus. Ons erken dat ons voorgeslag U wet verbreek het en dat die Moabitiese vloek wettige reg in ons voorgeslag gehad het.

Ons vra dat U ons nou sal reining van hierdie vloek, dat alle demone wat in ons voorgeslag wettige aanspraak gehad het, nou na U Voetbank gestuur word. Ons vra dat U U engele wat U nou aanstel as hekwagters sal opdrag gee om hierdie openinge nou te bewaak.

Ons smeek Vader, dat U asseblief ons grondgebied nou sal vergroot en dat U ons vryheid sal skenk om dit wat U vir ons beplan het, te voltooi.

Ons vra nou dat U asseblief al die seeninge wat U vir die voorgeslag beplan het oor ons sal uitgiet, en ons fisiese en geestelike saad sal seen.

Ons vra dit alles in die wonderlike Naam van Jesus Christus ons Verlosser.

AMEN!

ONDERWYSER:

Fillistynse vloek – ek ken die waarheid en dit gee my outoriteit.

Almagtige Hemelse Vader, ons verklaar dat U die Skepper God is en dat U oor die skepping heers. U het ons geroep om oor die aarde te heers en alles onder U outoriteit te plaas.

Ons bely dat ons gefaal het. Ons het nie alleen die vyand toegelaat om oor ons land te heers nie, maar om ook ons eie lewens te beheer.

Ons verwerp en bely die Fillistynse vloek. Ons verwerp vrees vir mense, deur ons en ons voorgeslagte, wat gemaak het dat ons nie opstaan vir die waarheid nie. Ons erken dat ons en ons voorgeslagte kennis van die waarheid gebruik het as legitimiteit en die valse reg om oor mense te heers.

Ons verklaar dat dit vals is en erken dat ons hiermee mense verblind het.

Ons het ander mense probeer beheer met waarheid en dit is verkeerd. Ons verklaar dat die waarheid mense sal vrymaak, nie vashou nie.

Ons vra U om asseblief die boeke in ons voorgeslag oop te maak en ons bely dat ons voorgeslag gefouteer het. Ons smeek dat U ons nou sal reining van hierdie vloek.

Ons beveel alle demone wat wettige reg in ons voorgeslag bekom het, in die Naam van Jesus Christus om te gaan. Ons stuur hulle nou na U Voete. Ons vra dat U die saad in ons voorgeslag sal reining van alle onreinhede en dat U asseblief die seeninge wat in die Hemel opgesluit is vir ons voorgeslag nou sal ontsluit.

Ons vra vir herstel van verhoudinge soos U dit bedoel om te wees, sodat ons mense met ‘n eindbestemming sal wees.

Ons vra dat U ons sal leer om die ander wang te draai, dat U ons die strategie sal gee om die land in besit te neem. Help ons asseblief om U wil te laat geskied.

U alleen weet die doel van ons lewens. Ons vra U om ons te help om altyd die waarheid te praat en dat U ons sal help om daarin te stap, ten spyte van wat ook al.
Ons verklaar nou dat U die Heerser van ons lewens is. Ons gee nou alles wat aan ons behoort oor aan U.

Ons buig ons kniee voor U, die Koning van ons lewens. Ons vra dat U enige wettige reg wat die vyand in ons lewens het, nou sal vernietig met U Verterende Vuur. Ons nooi U, Jesus Christus, uit om U outoriteit oor alles en almal los te laat. Alles wat aan ons behoort is U s’n.

AMEN!

BEMOEDIGER:

Kanaanitiese vloek –
leuen-mense wil en
het nodig om rondom
jou te wees.

Almagtige God en Hemelse Vader – Ons verklaar dat U die Gewer van lewe is, dat U die Gewer van outoriteit is en dat deur U lewe en outoriteit saam beweeg.

Ons verklaar dat U ons outoriteit is en dat U Outoriteit is. Ons erken dat ons as mense nie in lewe-gewende outoriteit kan beweeg nie.

Ons vra dat U asseblief nou die boeke van ons voorgeslag sal oopmaak. Ons bely en verwerp die gees van ontkenning waardeur ons foute ontken. Ons bely en neem verantwoordelikheid vir swak keuses wat ons geneem het vir mense wat onder ons outoriteit is.

Ons verwerp en bely dat ons lojaliteit en liefde misbruik het sodat mense onder ons die verantwoordelikheid vir ons swak keuses geneem het.

Ons verwerp en bely dat ons lojaliteit en liefde misbruik het toe ander mense vir ons sondes gely het.

Ons verwerp en bely die misleiding dat ons met liefde, lojaliteit en onderdanigheid mense gebruik het om vir ander se sonde te boet.

Ons verwerp en bely dat ons sieninge selfs in die Naam van God gebruik het om God se kinders te manipuleer.

Ons verwerp en bely dat ons populariteit misbruik het om sonde normaal te laat lyk, veral in die areas van morele waardes.

Ons verwerp en bely dat ons U Heilige standaarde verlaag het.

Vader, ons verwerp en bely die sonde om in ‘n situasie te bly waar ons mishandel (abuse) is – en sodoende ons geboortereg nie opgeeis het nie.

Ons erken dat dit sonde was dat die Israeliete eerder in die gemak van die berge gebly het toe hulle Kanaan moes gaan verower het.

Ons vra nou dat U ons bloedlyn sal kom reinig van hierdie sonde van die Kanaanitiese vloek, en ons aanvaar hierdie reiniging.

In die Naam van Jesus Christus van Nasaret beveel ons elke demoniese krag en mag wat deur hierdie vloek vrygelaat is, om nou te gaan. Ons aanvaar nou hierdie reiniging vir ons gesin en die geslagte na ons.

Ons vra U om vir ons U strategiee op U tyd te gee om hierdie druk op ons lewens te vernietig.

Leer ons om weg te bly van verkeerde organisasies. Leer ons om op U tyd te wag om te beweeg in die gawes waarin U ons geroep het.

Ons vra U nie net om ons te leer nie, maar om ons ook bonatuurlik te help. Net soos U die Israeliete bonatuurlik gehelp het om die Kanaaniete en hulle leiers te oorwin, so smeek ons dat U ons U hulp verleen in die geveg.

Ons vra dat U elke teken van die Kanaanitiese vloek in ons lewens en bediening sal vernietig in die Naam van Jesus Christus.

AMEN!

GEWER:

Midianitiese vloek –
ek kan die middele
voorsien vir ander
om hul geboortereg
op te eis.

Almagtige God en Hemese Vader – Ons verklaar dat U die God oor tyd is. U het eerste tyd geskep en daarom is dit die eersteling van U skepping

Eerstelinge van alles is aan U toegewy en daarom is dit Heilig. As kinders van God verklaar ons dat dit U bedoeling was dat ons in U tyd moet beweeg, U het nie bedoel dat ons tyd gesteel moet word nie. Ons erken dat ons versuim om dit uit te koop en dat ons dit misbruik het. Ons vra nou dat u die boeke van ons voorgeslag asseblief sal open.

Ons verwerp en bely die gees om te wil beheer in elke vertakking van ons voorgeslag. Ons verwerp die gees van ontrouheid wat van ons voorvaders weerhou het van hulle geboortereg.

Ons verwerp die god van sekuriteit en rustigheid. Ons verklaar dat U dit vir ons gee as ons ons geboortereg opeis. Ons bely en verwerp die leuen van die vyand dat dit reg is dat ons nie ons geboortereg opeis nie.

Vader, ons bely en verwerp dat ons voor U tyd uitgehardloop het of dat ons voete gesleep het. Ons vra U dat U ons hierdie oortredinge sal vergewe.

Ons vra dat U asseblief nou hierdie vloek uit ons voorgeslag sal verwyder asook uit die saad in ons lendene. Ons spyker dit aan U kruis vas. U Bloed reinig ons voorgeslag. Ons verklaar ons afhanklikheid van U, maar ons bely ook dat ons ons eie menslikheid vrees.

Ons gees is gewillig, maar die vlees is swak. Ons wil graag:

- In geloof wandel
- Op U alleen vertrou
- Ons geboortereg opeis, maar ons het ‘n lewensstyl van vrees
- ‘n Lewenswandel van soeke na vrede en rustigheid handhaaf

Net soos wat U vir Gideon versorg en voorsien het toe niemand saam met hom wou gaan nie, so vra ons dat U ook vir ons sal doen. Ons verklaar ons afhanklikheid van U en ons vra dat U ons sal red van ons vyande en ook van onsself. Vader, by elke plek waar die vyand vloeke uitgespreek het, vra ons dat U dit asseblief nou sal omkeer in seeninge uit U Hart. Laat U Wil geskied. Ons vra nou asseblief dat die seeninge wat U in die Hemel vir ons opgesluit hou, op U tyd oor ons sal uitstort.

Ons vra U voortydig dat U ons tyd sal Heilig. Vir ons en ook ons nageslag.
Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

AMEN!

HEERSER:

Jotam vloek – ek is
betekenisvol want ek
het institusionele
mag waarop ek
roem.

Almagtige God en Hemelse Vader – Ons verklaar dat U die VerbondsGod is. U is die God van mense. U is die God van instellings en die God van die regering.

Ons verklaar dat U mense opgerig het vir generasies, om lewe- gewend te wees en om strategiee te bepaal. Ons verklaar dat van hierdie mense nie lewe gee nie, maar instrumente in die hand van die die bose is – hulle doen nie U werk nie. Ons vra dat U asseblief die boeke van ons voorgeslag sal oopmaak en ons bely ook die sonde van ondankbaarheid teenoor hulle wat oor ons lewe moes spreek.

Ons bely die sonde van verbreking van Verbond wat betref lewegewende verhoudings. Ons bely die sonde van wetteloosheid en moeilikheidmakers. Ons verwerp die leuen dat ons identiteit le in die mag van die institusie. Ons erken die waarheid dat U sommige institusies geskep het om leiding te gee.

Ons erken die waarheid dat U institusies gebruik het om samelewings te verander, maar ons verwerp die verwarring dat identiteit deur institusies verkry word.

Vader, ons sien die Jotam vloek in werking in ons lewens en in ons samelewing. Dit bring dood en pyn en ons erken dat U ‘n Regverdige God is en dat U net hierdie vloek toelaat waar daar verbreking van verbond was.

Ons aanvaar U straf, maar ons erken ook dat U herstel en genesing kan bring deur die krag van die Bloed van die Lam. In die Naam van Jesus Christus van Nasaret beveel ons dus nou elke demoon wat deur hierdie vloek gewerk het in ons voorgeslag, ons bediening, ons besigheid, ons samelewing en ons fisiese en geestelike saad, om na die Voete van Jesus Christus van Nasaret te gaan. Ons maak alle geestelike deure toe en ons vra dat U ons sal leer wat Verbond behels. Ons vra dat U ons sal help om U verbond met ons na te kom.

Ons vra dat U nou asseblief die seening van Vryheid van beweging in ons lewe sal gee, sodat ons op goed geoliede wiele sal beweeg. Ons seen die inrigtings waarin ons beweeg. Ons vra vir U genade om in verbond te bly met diegene wat verbrekers van verbond is. Ons vra vir genade om die pad te voltooi waarop U ons uitgestuur het om te stap.

Ons vra nou dat U asseblief die seening wat U vir ons generasie opgesluit het, sal vrylaat. Ons vra dit in die Naam van Jesus van Nasaret.

AMEN!

GENADE:

Ammonitiese vloek –
jy word verkleineer
tot niksweerd in
groepsverband.

Almagtige God en Hemelse Vader – Ons jubel omdat ons U ons Vader mag noem. Ons kom na U as die Regverdige Regter, maar ook as ons liefdevolle Vader.

Vader, ons is mislei en ons het verkeerd gereageer hierop. Ons verwerp en bely die leuen dat ons iets moet doen om U guns en U liefde te verdien. Ons verwerp en bely die fokus op guns van mense, asook elke geleentheid waar iemand in ons gesin menslike perspektief aangehang het i.p.v. U waarheid. Ons verwerp menslike oordeel oor ons, wat direk teenstrydig is met U siening van ons. Ons verwerp en bely kulturele druk wat veroorsaak dat ons nie uitstyg nie, omdat ander dan benadeel sal word.

Ons verwerp en bely vrees om iets verkeerd aan te spreek, omdat ons verwerping vrees. Ons verwerp en bely die sonde van guns van mense bo die instap in ons roeping. Ons vra dat U ons dit sal vergewe.

Ons vra dat U hierdie sonde met U Bloed sal bedek in elke vertakking van ons voorgeslag. Ons vra dat U ons voorgeslag sal reinig van die begin van tyd tot nou. Dat U ook die saad in ons lendene sal reinig tot aan die duisendste geslag.

Ons beveel elke verterende gees wat deur hierdie vloek krag ontvang het, om nou te gaan in die Naam van Jesus van Nasaret. Ons stuur julle na die Voete van Jesus, en ons maak die geestelike deur toe.

Vader, leer ons om U lief te he, nie om dit te wil koop nie. Salf ons oe dat ons U liefde deur die daaglikse gebeure om ons kan waarneem. Deur elke daad wat ons verrig, vra ons dat U meer van U liefde deur ons sal openbaar. Ons vra dat soos ons U liefde waarneem, U ons liefde vir U sal laat toeneem.

Vader, steek U asseblief die vuur in ons aan om ons geboortereg op te eis. Ons sien gedeeltelik en ons weet gedeeltelik en daar is so baie wat U nog vir ons wil wys, maar ons kan nie ontvang nie. Help ons om groter kapasiteit te ontwikkel om te kan ontvang.

Ons vra dat U die seeninge wat U vir ons opgesluit het in die Hemel, asseblief op ons sal uitstort. Ons vra vir bo-natuurlike werk in ons lewe, in die omgewing om ons en in ons samelewing, sodat ons ons geboortereg kan opeis.

Ons veklaar dat niks vir U onmoontlik is nie. Ons sien uit daarna dat U deur ons sal werk, sodat strome van Lewende Waters uit ons lewens sal vloei na ‘n stukkende wereld om ons. Ons verkondig U liefde, ons jubel oor U liefde, en ons begeer om U liefde te leef. Ons vra dit alles in die Naam van Jesus.

AMEN!

Afseël na Bevryding (vir die berader) ...

Hemelse Vader,

Dankie vir die werk wat vandag hier gedoen is. Ons bid teen enige sweepslag, terugslag of oordeel van die vyand, in Y'shua (Jesus) Naam.

Ons vra U, Here, dat U enige ongoddelike gees en sielsbande sal sny wat gevorm is a.g.v. hierdie bevryding wat plaasgevind het; ook enige oordraging wat plaasgevind het tussen hul gees, siel en liggaam na my gees, siel en liggaam. Ons plant die Kruis van Jesus Christus tussen myself en die kliënt. Ons dank U dat geen oordraging sal kan plaasvind nie. Ons neem nou omvattende versekering uit vir ons gesinne, alle verhoudinge sowel as alle besittings.

Ons vra dat U hierdie eiendom en hierdie vertrek sal reinig en skoonmaak met die Bloed van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus) van Nasaret en U Heilige Vuur, sodat geen demoon homself kan koppel aan enige voorwerp nie, en dat alle mensgeeste en gestorwe mensgeeste verwyder word deur U Geleide Engele na die Voetbank van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus). Ek vra dat alle besoedeling verwyder sal word en weggevee sal word met U Besem van verdelging in Y'shua (Jesus) Naam.

Vader, ons vra dat U enige waghond- en merker demone wat aangestel is deur die koninkryk van duisternis om die eiendom te merk in die gees vir ‘n teenaanval deur astrale projeksie, sal verwyder en plaas onder die Voete van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus).

Ons wil ook die Heerskappy van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus) van Nasaret verklaar oor hierdie plek en dat alle openinge afgeseël sal word deur U Bloed. *(Openinge soos: Telefoon, faks, rekenaar, water, riolering, elektrisiteit.)*

AMEN!

Let wel: Onthou om voor die Here te gaan en jouself te stort met die Water van die Woord en in lofprysing en aanbidding te gaan en jouself weer te vul (sien lering oor Mikvah J2F4).

Ter afsluiting, nadat al die vloeke mee gedeel is en gebreek is, is dit baie belangrik om nou die gapings te vul met **SEËNINGE** ... ons wil alle vaders aanmoedig om hierdie roeping ernstig op te neem, en om hulle gesinne te begin SEËN volgens die opdrag van die HERE dat die priesters sal seën met die volgende seëning:

Die Priesterlike Seëning ...

(Ons gaan die ENGELSE weergawe aanhaal omdat
dit meer korrek is volgens die Hebreeuse vertaling.)

Numbers 6:24-26

“24 The LORD bless thee, and keep thee:
25 The LORD make his face shine upon
thee, and be gracious unto thee: 26 The
LORD lift up his countenance upon thee,
and give thee peace.”

Die Priesterlike Seëning ...

Hebraic Translation[1]

"YHVH will kneel before you presenting gifts, and He will guard you with a hedge of protection, YHVH will illuminate the wholeness of His Being toward you, bringing order, and He will provide you with love, sustenance, and friendship, YHVH will lift up the wholeness of His Being and look upon you, and He will set in place all you need to be whole and complete."

---

*Translation by Jeff A. Benner, for more information, please see http://www.ancient-hebrew.org/12_blessing.html

The Priestly Blessing[1]

יְבָרֶכְךָ יְהוָה וְיִשְׁמְרֶךָ׃

and may he guard you the LORD may he bless you

May the LORD[2] bless you[3] and keep you[4]

יָאֵר יְהוָה פָּנָיו אֵלֶיךָ וִיחֻנֶּךָּ׃

and show you favor on you his face the LORD May he shine

May the LORD make His face[5] shine[6] upon you and be gracious[7] to you

יִשָּׂא יְהוָה פָּנָיו אֵלֶיךָ וְיָשֵׂם לְךָ שָׁלוֹם׃

peace for you and establish on you his face the LORD may he lift up

May the LORD lift up[8] his face to you and give you peace[9]

---

[1] This blessing is (ritually) recited (by the kohanim) during synagogue services during *Nesiat Kapayim* ("the Raising of the Hands"), though it is also recited over children on Friday night before the start of the Shabbat meal or as a bedtime blessing.

[2] The name *YHVH* (יהוה) represents God's attributes of love and mercy (מִדַּת הָרַחֲמִים), in contradistiction to the name *Elohim* (אֱלֹהִים), which represents God's attribute of justice and power as our Creator.

[3] בְּרָכָה (*b'rachah*). Jewish tradition considers this both material and spiritual prosperity. Pirkei Avot 3:15 says, "If there is no flour, there is no Torah," by which is meant that material benefits are intended to help you pursue study of Torah. The first occurrence of the word "blessing" in the Scriptures pertains to *pru urvu* (פְּרוּ וּרְבוּ), "be fruitful and multiply" (Gen. 1:22).

[4] שָׁמַר (*shamar*): To guard, protect, heed, as in the exercise of diligent care. Only God has the power to secure the conferred blessing and keep it from turning sour or from fading away.

[5] The word for "face" (פָּנִים) is plural with the 3rd person singular ending. It is considered metaphorical since God is incorporeal. The plural form is thought by some to indicate God's revealed and hidden attributes in creation.

[6] The hiphil verb (יָאֵר) comes from the word "light" (אוֹר), and is thought to refer to God's wisdom. "May God enlighten you" with His wisdom, i.e., the Divine Light that preceded the work of creation (Gen. 1:3).

[7] May God grant you grace or favor (חֵן), i.e., to understand the "breadth and length and height and depth" of God's love (Eph. 3:18). Grace refers to the bestowal of an undeserved gift. The blessing is bestowed even though unearned or unmerited.

[8] Since one's face is an indication of the heart's attitude, Rashi says that this means God will suppress His anger by "looking at you" (if God is angry at you, He "turns His face away" and refuses to admit your presence). The "lifting of face" also pictures God lifting you up as a father might lift up his child in joy. The "showing of face" indicates spiritual intimacy.

[9] All of the other blessings are useless without the establishment of inner peace, and therefore it is the seal of the blessing. Shalom (שָׁלוֹם) is not simply the absence of strife, but a balance and harmony between the finite and infinite, the temporal and the eternal, the material and the spiritual realms. Shalom is a gift from Sar Shalom (שַׂר שָׁלוֹם), the Prince of Peace.